Tekste: Psalm 23: 6 (1983); Markus 3: 31-35 (1983); Markus 8: 34-38 (1983); Psalm 84: 1-13 (1983); Numeri 6: 24-26 (1983).
Liedere: Gesang 602: 1-5; Gesang 151: 1, 2 en 1; Gesang 308: 1-5.

AANKONDIGINGS:

KLOK: Stilte en tyd vir nadenke ...

Kom ons begin vandag met terugvoer ten opsigte van die huiswerk wat ons gehad het. Laas Sondag (tydens die erediens) en hierdie week (Tydens die Whatsapp huisbesoek) het ons gevra hoe ons die lig van Christus kan laat skyn. Ek deel met julle die antwoorde wat ek ontvang het. Ek laat die lig van Christus skyn deur ...

- na mense met oë van liefde te kyk.
- alles aan die Here op te dra.
- God se pad vir my te vertrou.
- elke dag op eie meriete te hanteer.
- dankbaar te wees vir wat ek het.
- nie oor môre te bekommer nie.
- vandag se genade te geniet.
- omgee uit te leef.
- hulpvaardig op te tree.

- vriendskappe te vorm.
- om te help waar daar nood is.
- te luister na iemand wat gehoor wil word.
- vir ander te bid.
- respek vir ander mense te toon.
- dankie te sê dat Hy my van my sonde skoongewas het.

Votum:

“U goedheid en liefde sal my lewe lank by my bly en ek sal tuis wees in die huis van die Here tot in lengte van dae.” (vgl. Psalm 23: 6)

Seën:

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met ons almal wees. Amen.

SANG:

Tekste: Psalm 23: 6 (1983); Markus 3: 31-35 (1983); Markus 8: 34-38 (1983); Psalm 84: 1-13 (1983); Numeri 6: 24-26 (1983).
Liedere: Gesang 602: 1-5; Gesang 151: 1, 2 en 1; Gesang 308: 1-5.

Liewe gemeente, kom ons begin hoopvol sing van ‘n nuwe toekoms ... ‘n nuwe toekoms saam met God ... ook die nuwe toekoms van die kerk. Gesang 602: 1 - 5. Kom ons staan as ons dit saam sing.

Voorlees:

Kom ons leer iets van God as ons saam lees uit Markus 3: 31-35 – Wie is Jesus se familie?

“31 Sy moeder en sy broers het toe gekom. Hulle het buite bly staan en 'n boodskap na Hom toe gestuur om Hom te roep. 32 'n Menigte mense het rondom Hom gesit. Hulle sê toe vir Hom: “Kyk, u moeder en u broers en u susters daar buite soek U.” 33 Maar Hy sê vir hulle: “Wie is my moeder en my broers?” 34 Hy het die mense aangekyk wat in 'n kring om Hom sit en gesê: “Hier is my moeder en my broers! 35 Elkeen wat die wil van God doen, is my broer en my suster en my moeder.”

Kom ons lees verder in Markus, Markus 8 vanaf vers 34. Hier handel dit oor wat dit beteken om Jesus te volg:

Tekste: Psalm 23: 6 (1983); Markus 3: 31-35 (1983); Markus 8: 34-38 (1983); Psalm 84: 1-13 (1983); Numeri 6: 24-26 (1983).
Liedere: Gesang 602: 1-5; Gesang 151: 1, 2 en 1; Gesang 308: 1-5.

“34 Jesus het toe die menigte mense saam met sy dissipels nader geroep en vir hulle gesê: “As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën, sy kruis opneem en My volg, 35 want wie sy lewe vir homself wil behou, sal dit verloor; maar wie sy lewe vir My en die evangelie verloor, sal dit behou. 36 Wat help dit 'n mens tog om die hele wêreld as wins te verkry en sy lewe te verloor? 37 Wat sal 'n mens kan gee in ruil vir sy lewe? 38 Wie hom dan vir My en my woorde skaam te midde van hierdie ontroue en sondige geslag, vir hom sal die Seun van die mens Hom ook skaam wanneer Hy kom saam met die heilige engele, en beklee is met dieselfde heerlikheid as sy Vader.”

SANG:

Gemeente, kom ons beweeg aan na die prediking. Ter voorbereiding sing ons Gesang 151: 1 & 2 en dan weer 1. Ons sing dit egter op die ou wysie van Psalm 38.

Tekste: Psalm 23: 6 (1983); Markus 3: 31-35 (1983); Markus 8: 34-38 (1983); Psalm 84: 1-13 (1983); Numeri 6: 24-26 (1983).
Liedere: Gesang 602: 1-5; Gesang 151: 1, 2 en 1; Gesang 308: 1-5.

Preek:

Liewe gemeente, vandag se preek gaan weer bietjie anders wees. Ons gaan nie ‘n spesifieke teks ontleed of uitlê nie, maar ons gaan oor ‘n baie belangrike saak nadink. Iets wat ons almal raak. Iets wat onder geweldige druk in ons tyd gekom het ... DIE KERK.

Mense sê die dae van die kerk, soos ons dit geken het, is getel. Ons lees ons leef in ‘n post-kerk era. ‘n Tyd waarin mense nie noodwendig ongelowige is nie, maar verseker ‘n tyd waarin mens minder met die kerk te doen wil hê.

Ek moet bely; ek is lief vir die kerk van die Here ~ met al haar foute en tekorkominge. Ek is nie blind vir die foute van die kerk nie. Trouens ek weet die kerk sal altyd gebreke hê, want die kerk van die Here bestaan uit sondaar mense soos ek en jy. Tog sondaar mense wat die Here aanbid en navolg. Ek glo dat God die kerk wil en dat die kerk God se instrument is om met hierdie stukkende wêreld te werk.

Tekste: Psalm 23: 6 (1983); Markus 3: 31-35 (1983); Markus 8: 34-38 (1983); Psalm 84: 1-13 (1983); Numeri 6: 24-26 (1983).
Liedere: Gesang 602: 1-5; Gesang 151: 1, 2 en 1; Gesang 308: 1-5.

Dr. Marva Mitchell het gewerk met die Afrika gesegde: It takes a village to raise a child. Ongelukkig het die samelewing (die village) korrup, stukkend, boos en afwesig geraak en so die vermoë verloor om kinders tot geestelike volwassenheid te begelei. Daarom sê sy: “it will take a church to raise a village.” Hoe meer die kerk uit die samelewing gaan verdwyn, hoe meer gaan die samelewing stukkend en gebroke raak.

Voordat ons verder ‘n woord sê, kom ons luister eers na die Woord van God. Lees asseblief saam met my uit Psalm 84 – *Hoe lief het ek u woning, Heer*.

“1 Vir die koorleier: met musiek. Van die Koragiete. 'n Psalm.

2 Hoe lief het ek u woning, Here, Almagtige!

3 Ek versmag van verlange na die tempel van die Here; met alles wat ek is, wil ek jubel oor die lewende God.

Tekste: Psalm 23: 6 (1983); Markus 3: 31-35 (1983); Markus 8: 34-38 (1983); Psalm 84: 1-13 (1983); Numeri 6: 24-26 (1983).
Liedere: Gesang 602: 1-5; Gesang 151: 1, 2 en 1; Gesang 308: 1-5.

---

4 Selfs 'n mossie het 'n nes en 'n swaeltjie 'n plek vir haar
kleintjies daar by u altare, Here, Almagtige, my Koning en
my God! 5 Dit gaan goed met mense vir wie u huis 'n tuiste
is: hulle hou nie op om U te prys nie. Sela 6 Dit gaan goed
met mense wat hulle krag in U vind en graag na u tempel
toe gaan. 7 Vir hulle gaan daar fonteine oop wanneer hulle
deur 'n dorre laagte trek en die vroeë reëns sy seëninge
bring. 8 Keer op keer ontvang hulle nuwe krag totdat hulle
voor God in Sion verskyn.

9 Here, almagtige God, hoor my gebed, luister tog, God
van Jakob! Sela 10 Sien tog om na die koning, ons
beskermer, o God; hou u gesalfde onder u sorg.

11 Waarlik, één dag in u tempel is beter as duisend
daarbuite. Ek staan liewer by die drumpel van die huis
van my God as om te woon in huise sonder God.

12 Die Here God is ons krag en ons beskerming, die Here
gee genade en eer, Hy weerhou die goeie nie van dié wat
reg lewe nie. 13 Here, Almagtige, dit gaan goed met die
mens wat op U vertrou!”

Tekste: Psalm 23: 6 (1983); Markus 3: 31-35 (1983); Markus 8: 34-38 (1983); Psalm 84: 1-13 (1983); Numeri 6: 24-26 (1983).
Liedere: Gesang 602: 1-5; Gesang 151: 1, 2 en 1; Gesang 308: 1-5.

Carey Nieuwhof sê in sy nuutste boek oor KERK, dat gemeentes wat in die toekoms gaan groei, gaan gemeentes wees wat eerlik oor hulle verstaan en verantwoordelikheid ten opsigte van die KERK gaan praat. Met God daaroor gaan praat, met mekaar daaroor praat, met die wêreld oor KERK gaan praat.

Ons behoort egter nie net te praat en praat oor Kerk nie. As kinders van die Here behoort ons die Bybel te vat en ons gedagtes en optrede daaraan te meet. Waaraan kan ek en jy iets doen, sodat ons kan help om die Kerk van die Here sterk te maak.

Die eerste saak waaraan ons kan werk om die Kerk weer sterk te maak is KONFLIK. Dit is nie dat ons nie konflik behoort te hê nie. Konflik is belangrik, die manier waarop ons konflik hanteer maak of ons groei en of ons stagneer. Die verskil tussen ‘n huwelik wat hou en een op die rotse is nie een met konflik en een sonder konflik nie. Waar mense is, is verskille, is konflik. Elke huwelik sal konflik

Tekste: Psalm 23: 6 (1983); Markus 3: 31-35 (1983); Markus 8: 34-38 (1983); Psalm 84: 1-13 (1983); Numeri 6: 24-26 (1983).
Liedere: Gesang 602: 1-5; Gesang 151: 1, 2 en 1; Gesang 308: 1-5.

---

hê. ‘n Huwelik wat hou is nie een sonder konflik nie, dit is een wat konflik kan hanteer.

Dit is ook nie anders by die kerk nie. Elke gemeente sal konflik hê, maar gemeentes wat weet hoe en waar om hulle konflik te hanteer sal groei. Niemand van ons hou daarvan om by mense te kuier waar daar altyd ‘n gestry en ‘n gestoei is nie. So is dit ook waar van die kerk. Ons moet nie verwag dat ons kerk sal groei as ons altyd openlik baklei en stry nie.

Daarom behoort elke gemeente die uitdaging te aanvaar om hulle konflik te hanteer soos die Bybel ons leer. Dink byvoorbeeld aan die woorde van die pragtige Gesang 284 ... : “*Laat, Heer, u vrede deur my vloei, waar haat is laat ek U liefde daar bring. Leer my om ook soos U te kan vergeef. Maak my bereid om aan myself te sterf, dat ander U al meer in my kan sien*”

Tekste: Psalm 23: 6 (1983); Markus 3: 31-35 (1983); Markus 8: 34-38 (1983); Psalm 84: 1-13 (1983); Numeri 6: 24-26 (1983).
Liedere: Gesang 602: 1-5; Gesang 151: 1, 2 en 1; Gesang 308: 1-5.

In die tweede plek kan ons help bou aan die Kerk deur NIE IN DIE VERLEDE TE LEEF NIE, MAAR EERDER UIT DIE VERLEDE. Om in die verlede te leef beteken alles was net goed en reg en alles is vandag boos en verkeerd. Ons moet alles doen soos toe. Wanneer ‘n gemeente bloot ‘n museum van die verlede word, sal dit nie ‘n oes vir die Koninkryk van God kan lewer nie. Dit is die Woord van God wat vir ons leer dat hulle wat aanhou omkyk as hulle ploeg, hulle sal nie reguit ploeg nie. ‘n Gemeente moet daarteen waak om net terug te kyk na die sogenaamde goeie ou dae.

Dit is sommer net vir my interessant dat mense graag, wat die kerk aanbetref, totaal in die verlede wil leef. Maar wat hulle persoonlike gerief betref wil hulle graag by die nuutste dinge bly.

Dit is nie verkeerd om uit die verlede te leer nie. Goeie dinge te vier en jammer te sê vir slegte dinge nie. Om uit

Tekste: Psalm 23: 6 (1983); Markus 3: 31-35 (1983); Markus 8: 34-38 (1983); Psalm 84: 1-13 (1983); Numeri 6: 24-26 (1983).
Liedere: Gesang 602: 1-5; Gesang 151: 1, 2 en 1; Gesang 308: 1-5.

---

die Bybel te lees en daaruit te leer is tog mos ook om uit die verlede te leef.

In die derde plek kan ‘n gemeente eers groei as HULLE ONTSLAE RAAK VAN ONAANGENAME REISGENOTE. Soos mense wat oor alles kla en murmereer. Niemand sal aansluit by ‘n gemeente waar daar net gekla word nie. Mense wil deel wees van mense wat hoop het. Mense wil deel wees van ‘n span wat die uitdagings sien, en planne maak.

Lees ons in Handelinge die geskiedenis oor die begin van die Christelike kerk, lees ons God het hulle getalle meer gemaak. Hoekom? Hulle was positief, hulle het vir mekaar omgegee en hulle het graag saamgekom. Dit was nie maklik nie, maar hulle het aan God en aan mekaar vasgehou.

Tekste: Psalm 23: 6 (1983); Markus 3: 31-35 (1983); Markus 8: 34-38 (1983); Psalm 84: 1-13 (1983); Numeri 6: 24-26 (1983).
Liedere: Gesang 602: 1-5; Gesang 151: 1, 2 en 1; Gesang 308: 1-5.

In die vierde plek kan ‘n gemeente daarteen waak om nie NA BINNE GERIG te leef nie. Om aan mekaar vas te hou is ‘n goeie ding, behalwe as dit beteken ons laat niemand anders toe nie.

Hierteenoor het Jesus byvoorbeeld in Matteus 28 gesê: “*18 Jesus kom toe nader en sê vir hulle: “Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde. 19 Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en 20 leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld.*”

Kerkwees, in hierdie geval, is soos asemhaal; jy moet inasem en uitasem. Die kerk wat na binne gerig is, net inasem, sal versmoor. Daarom is die webblad, Facebookblad, Rolstoel projek, die Bybelgenees, kospakkies ens. alles krities belangrik vir ons gemeente se verstaan van kerk.

Tekste: Psalm 23: 6 (1983); Markus 3: 31-35 (1983); Markus 8: 34-38 (1983); Psalm 84: 1-13 (1983); Numeri 6: 24-26 (1983).
Liedere: Gesang 602: 1-5; Gesang 151: 1, 2 en 1; Gesang 308: 1-5.

In die vyfde plek kan ons daarteen waak om te dink die HUIDIGE KULTUUR IS NET BOOS EN SLEG. Een van die grootste uitdagings vir kerkwees vandag is die massiewe kultuur skuif wat plaasgevind het. Hier bedoel ek nie volkskultuur nie. Ek bedoel die manier waarop dinge vandag gedoen word.

Kom ek verduidelik dit baie eenvoudig. Om gemakliker aan te trek is ‘n kultuur skuif van die verlede waar jy altyd formeel aangetrek het. ‘n Klompie jare gelede het mense rugby toe gegaan met ‘n baadjie en ‘n das. As die dominee kom huisbesoek doen het die mans ‘n baadjie gaan aantrek en die vrouens ‘n hoed gaan opgesit. Die dominee en ouderling het hulle manel pakke aangehad.

Dink byvoorbeeld aan die kultuur skuif ten opsigte van nuwe tegnologie. Vandag ons gemeente een so ‘n skuif omarm het, lees mense van reg oor die wêreld ‘n duisend

Tekste: Psalm 23: 6 (1983); Markus 3: 31-35 (1983); Markus 8: 34-38 (1983); Psalm 84: 1-13 (1983); Numeri 6: 24-26 (1983).
Liedere: Gesang 602: 1-5; Gesang 151: 1, 2 en 1; Gesang 308: 1-5.

---

keer per maand preke op ons webblad. Ons het Missionaal aangepas by ‘n kultuur skuif van ons tyd.

Die kerk sal in die sesde plek moet leer om NIE TE BANG TE WEES OM TE WAAG MET NUWE DINGE NIE. Gemeentes is dikwels selfs te bang om met God te waag. Ons wil alles navors en uitredeneer. Soms moet ons sommer ook net doen, omdat ons glo dit is wat God wil hê. Sonder bewyse, sonder bladsye en bladsye se empiriese navorsing. Dit is mos ons eie mense wat ‘n spreekwoord gehad het wat sê: wie nie waag nie, sal nie wen nie.

Ten einde geestelik te sal die KERK MOET AANLEER OM HULLE PROSES VAN BESLUITE NEEM VINNIGE EN MAKLIKER TE MAAK._Vandag kan ons eenvoudig nie wag vir ‘n Kerkraadsvergadering wat een keer elke drie maande sit nie. Ons moet eenvoudig leer om besluite in die alledaagse gang te neem. Quinne het ‘n boek geskryf: Deep Change en hy het gesê betekenisvolle

Tekste: Psalm 23: 6 (1983); Markus 3: 31-35 (1983); Markus 8: 34-38 (1983); Psalm 84: 1-13 (1983); Numeri 6: 24-26 (1983).
Liedere: Gesang 602: 1-5; Gesang 151: 1, 2 en 1; Gesang 308: 1-5.

---

verandering (deep change) gebeur waar jy op pad besluite neem. Ons moet ook leer om mense te vertrou. Mekaar te vertrou. Ons moet weet wie se hart vir die Koninkryk van God klop, want dit is hulle wat hierdie op pad besluite kan neem.

Die kerk moet daarteen waak om nie in die slaggat van MEER PRAAT AS DOEN te trap nie. Jesus is ons voorbeeld. Hy het gedoen en daardeur gepraat. Hy tel ‘n kindjie op sy skoot en dit sê iets van sy liefde vir kinders. Hy gaan eet saam met ‘n tollenaar en dit sê iets van Sy omgee vir mense wat deur ander mense verwerp en veroordeel word.

Een van die kerk se groot uitdagings vandag is mense wat kan doen. Mense wat nie praat oor die lig vir Christus wees nie, maar mense wat opstaan en die lig van Christus wees. Mense wat nie praat oor omgee vir mense in nood nie, maar wat gaan en iets vir mense in nood

Tekste: Psalm 23: 6 (1983); Markus 3: 31-35 (1983); Markus 8: 34-38 (1983); Psalm 84: 1-13 (1983); Numeri 6: 24-26 (1983).
Liedere: Gesang 602: 1-5; Gesang 151: 1, 2 en 1; Gesang 308: 1-5.

---

doen. Mense wat nie praat van kerk nie, maar wat opstaan en kerk gaan doen.

Die Bybel leer ons dat kerk nie woorde is nie, maar dade. Ons lees van daardie eerste gemeentes dat hulle vir mekaar omgegee het, hulle het selfs van hulle eie eiendom verkoop en dit vir mense gegee om te oorleef. Die kerk, ‘n gemeente, gaan dikwels onder omdat so baie mense praat en praat en praat, maar daar so min mense is wat doen.

Dit is ook gevaarlik vir die toekoms van die kerk as die KERK DINK HULLE DOEN NIKS NOOIT VERKEERD NIE. Ons durf nooit by ‘n punt kom waar ons dink ons is ‘n volmaakte kerk nie. Daar is self kerke wat dink hulle is so volmaak, dat as jy nie by hulle lidmaat word nie, jy nie gered sal word nie.

Tekste: Psalm 23: 6 (1983); Markus 3: 31-35 (1983); Markus 8: 34-38 (1983); Psalm 84: 1-13 (1983); Numeri 6: 24-26 (1983).
Liedere: Gesang 602: 1-5; Gesang 151: 1, 2 en 1; Gesang 308: 1-5.

Die kerk bly ‘n gemeenskap van gelowiges, mense. Mense het sonde. Ons stry daarteen, maar geen mens is sonder sonde nie. Daarom sal geen kerk sonder sonde wees nie. Die kerk is immers nie volmaakte mense wat op ‘n volmaakte manier bymekaar kom nie. Mense wat dink hulle is volmaak en hulle kerk is die volmaakte kerk val gou in die slaggat van selfverheffing en hoogmoedigheid. Israel het so gedink oor hulle tempel en hulle kerkleiers. Was dit nie die geestelike leiers van daai einste kerk wat ons Heer, Jesus, laat gekruisig het nie?

In die tiende en laaste plek moet die KERK van die toekoms GOD-GEFOKUS leef. Ons kan so besig wees met ons kerk en ons gemeente dat ons vergeet ons is eintlik deel van God se kerk. Dit moet in God se kerk gaan oor God se missie ~ God se roeping vir die kerk. Daar is ongelukkig mense wat so gefokus op hulle persoonlike en eie behoeftes in die kerk is, dat hulle nie meer kerk van die Here is nie. Met ander woorde dit is moontlik dat ons kerk kan speel en nie kerk kan wees nie.

Tekste: Psalm 23: 6 (1983); Markus 3: 31-35 (1983); Markus 8: 34-38 (1983); Psalm 84: 1-13 (1983); Numeri 6: 24-26 (1983).
Liedere: Gesang 602: 1-5; Gesang 151: 1, 2 en 1; Gesang 308: 1-5.

Liewe gemeente, ons wil as gemeente gehoorsaam aan God kerk wees. Ons wil deel wees van God se plan en pad vir Zuurfontein gemeente. Om groeiend kerk van die Here te wees sal ons bereid moet wees om konflik beter te hanteer, sal ons moet ophou om in die verlede te leef, sal ons moet besef ons is nie beter as ander mense nie, sal ons waak daarteen om op ons eie behoeftes te fokus, sal ons vrede moet maak met kultuur wat verander, sal ons nie bang moet wees om te waag nie, sal ons bereid wees om soms ongewilde besluite ter wille van God se missie te neem, sal ons moet leer om meer en meer te doen as wat ons so graag oor praat, sal ons absoluut op God gefokus leef.

SEËN:

Die Here sal julle seën en julle beskerm; die Here sal tot julle redding verskyn en julle genadig wees; die Here sal julle gebede verhoor en aan julle vrede gee (Numeri 6: 24-26 ~ AFR1983)

Tekste: Psalm 23: 6 (1983); Markus 3: 31-35 (1983); Markus 8: 34-38 (1983); Psalm 84: 1-13 (1983); Numeri 6: 24-26 (1983).
Liedere: Gesang 602: 1-5; Gesang 151: 1, 2 en 1; Gesang 308: 1-5.

Amen!

Gebed

SANG:

Gemeente kom ons sluit af met Gesang 308: 1-5 ~ Neem my lewe en laat dit U gewy wees ...